## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

VRAAG 6: *BLADSAK* – Lucas Malan

VERHAAL A: "POTYSTER SWEIS NIE" **EN** VERHAAL B: "DIE HEN EN DIE NAALD"

**OF**

VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

### VRAAG 6

### VERHAAL A: "POTYSTER SWEIS NIE" – PG du Plessis

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

> Ons ry deur 'n lap plotte met êrens in die middel 'n Portugese groentewinkel-kafee-garage. Die oom kan hom sommer by die winkeltjie aflaai, want hy sal sy ma van daar af bel om hom te kom haal met haar motortjie.
>
> Dit pas my, want ek moet brood koop, en dié sal die Portugees wel aanhou.
>
> Met die afklim, vra ek hom of hy lus is vir koeldrank. Ja, sê hy, 'seblief, want sy sakgeld loop dié week bietjie laag.
>
> Ek koop brood en twee koeldranke, betaal, soek my reisgenoot. Hy staan buite, sê dankie vir die koeldrank en stap saam bakkie toe.
>
> Die Portugees ontdek dat ek van my kleingeld misgevat het en kom agterna.
>
> Hy sê vir die seun as sy ma môre weer nie opdaag nie, moet sy nie weer probeer kom nie. Die tjips kom nie vanself gaar nie ...

6.1 Waarom het die verteller die seun langs die pad opgelaai? (1)

6.2 As die verteller mooi gekyk het, sou hy sien dat die seun uit 'n huis kom waar daar min geld was. Watter TWEE tekens het die verteller nie gesien nie? (2)

6.3 Die seun het die verteller laat glo dat hy die stofie sal kan regmaak om weer te gebruik.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.4 Die seun het gesê dat sy pa enigiets kan regmaak.

Wat kan jy hieruit aflei omtrent die seun se houding teenoor sy pa? (1)

6.5 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.5.1 en 6.5.2) en die ontbrekende woorde neer.

| goeie dinge; | verkeerde dinge; | leuens |
|---|---|---|

Die skoolseun het probeer om die (6.5.1) ... in sy gesin met (6.5.2) ... toe te smeer. Die verteller het dit aan die einde van die verhaal besef. (2)

6.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Volgens reël 2 en 3 van die uittreksel wou die seun nie by sy huis afgelaai word nie. Hy was (opgewonde/skaam) dat die verteller moes sien waar hy bly. (1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.7) neer.

As die seun in reël 6 sê **"... sy sakgeld loop dié week bietjie laag"** is die waarheid eintlik dat hy ...

A min sakgeld het.
B sy sakgeld verloor het.
C nie sakgeld gekry het nie.
D al sy sakgeld opgebruik het. (1)

6.8 Watter boodskap, dink jy, wou die Portugees vir die seun gee toe hy gesê het **"Die tjips kom nie vanself gaar nie ..."**? (Reël 11) (1)

6.9 In reël 10 en 11 praat die Portugees met die seun oor sy ma wat nie by die werk opgedaag het nie.

Hoekom, dink jy, was dit verkeerd van die Portugees om dit te doen? (1)

6.10 Waar was die seun se pa? (1)

6.11 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die Portugees het die seun dadelik herken.
- Die verteller het gestop om brood te koop.
- Die verteller het agter die seun aangery.
- Die seun het alles oor sy pa vertel. (4)

6.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.12) neer.

Die les wat die seun uit hierdie gebeure geleer het, is dat 'n mens ...

A jou eie familie moet help.
B nie familieprobleme met leuens kan oplos nie.
C nie sommer saam met vreemde mense moet ry nie.
D nie vir vreemde mense moet vertel wat in jou familie aangaan nie. (1)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Toe die verteller die waarheid omtrent die seun ontdek het, het hy (simpatie met die seun gehad/kwaad vir die seun geword.) (1)

6.14 Die seun het nie gedink dat die verteller ooit die waarheid oor sy pa sou ontdek nie. Waarom sê ons so? (1)

6.15 Dink jy dit sou gehelp het as die seun sy probleme met die verteller bespreek het? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE HEN EN DIE NAALD" – Minnie Postma**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

"*Eke*," kekkel die hen terug. "*Eke!*" Maar sy kyk glad nie op nie.

Toe skree Valk: "Maat van my, gee sommer nou my naald vir my terug, sodat ek dit weer veilig kan gaan bêre."

Toe dink Hen die heel eerste keer aan daardie naald! Sy skrik en sy antwoord glad nie, maar spring vinnig weg na haar huis toe.

*Jo*, toe sy binnekom, trap sy op 'n vloer wat skoon gevee is. Sy kyk rond, maar daar is niks op die vloer nie. Die naald is weg.

*Jo*, dink sy, dit lê sekerlik op die ashoop tussen die vuilgoed wat die kinders weggegooi het! *Jo, Jo, Jo!*

So vinnig soos wat sy kan, hardloop sy daarheen, maar so ver sy gaan, sien sy die skaduwee van Valk saam met haar oor die grond gly, en dit word swart binne-in haar hart ook, want sy weet goed wat Valk wil hê: sy naald of een van haar kinders wat sy so liefhet.

6.16 Wat wou Hen met die naald doen? (1)

6.17 Noem TWEE dinge wat Hen gedoen het waarvan Valk baie gehou het. (2)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf die vraagnommer (6.18) en die antwoord neer.

In hierdie tradisionele verhaal word Hen en Valk se vriendskap gebruik om dinge uit te beeld wat in die werklike lewe tussen (mense/diere) gebeur. (1)

6.19 Wat het die ander hoenders gesê toe hulle vir Hen sien spog? (1)

6.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hen het Valk se naald verloor; daarom kan 'n mens sê dat Hen 'n (verantwoordelike/onverantwoordelike) vrou was. (1)

6.21 Hen se kinders was gehoorsaam.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.22 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.22.1 en 6.22.2) en die ontbrekende woorde neer.

| belofte; | waarskuwing; | ooreenkoms |
|---|---|---|

Hen en Valk het 'n (6.22.1) ... gehad, maar Hen was so besig om te spog dat sy haar (6.22.2) ... aan Valk vergeet het. (2)

6.23 Die verteller gebruik die woorde soos "*Jo, Jo, Jo!*"(reël 9), in die uittreksel hierbo. Dit dui aan dat Hen ... voel. (1)

6.24 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Valk wou sy naald terughê.
- Valk wou Hen se kuikens vang.
- Hen het besef dat die naald weg is.
- Hen het met haar nuwe karos gespog. (4)

6.25 Een van Hen se eienskappe is dat sy hoogmoedig is.
Hoe het hierdie hoogmoedigheid haar in die moeilikheid laat beland? (1)

6.26 Hoekom kan 'n mens sê dat jy Valk uit reël 12 en 13 leer ken as 'n man van sy woord? (1)

6.27 Hoekom pas die titel so goed by die verhaal? (1)

6.28 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.28) neer.

'n Les wat Hen uit hierdie verhaal moes leer, is dat ...

A jy jou vriende versigtig moet kies.
B jy altyd moet doen wat jy gesê het jy sal doen.
C mooi klere nie van jou 'n beter mens maak nie.
D 'n ryk persoon ook in die moeilikheid kan beland. (1)

6.29 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.29) neer.

Wat is die tema van hierdie verhaal?

A Vriendskap
B Hoogmoed
C Vyandskap
D Betroubaarheid (1)

6.30 Hoekom kan ons sê dat die onrus en die vrees steeds vandag nog deel van die henne se lewens is? (1)
**[40]**

**OF**

